

Uile en onnatuurlike botsings

Paaie is unieke stelsels wat van die aangrensende gebiede verskil. Die grasryke areas langs die paaie verskaf skuilplek aan verskeie klein diertjies, terwyl 'n goeie voedselvoorraad beskikbaar is omdat bestuurders vullis by die motorvensters uitgooi, of graan deur vragmotors op die pad gestort word. Roofdiere, soos uile, volg hul prooi na die kant van die pad, dikwels met noodlottige gevolge.

Aangesien uile in die nag jag, word hulle doodgery wanneer die hoofligte van voertuie hulle verblind en hulle nie kan padgee nie. Ons eie sig is swakker gedurende die nag en daarom reageer ons stadiger, met die gevolg dat botsings makliker kan plaasvind.

Heinings kan ook gevaarlik wees. 'n Uil wat vlieg, kyk nie reguit vorentoe nie, maar bespied die gebied 'n entjie verder as dit na prooi soek. Natuurlike voorwerpe, soos bome, word maklik raakgesien, maar die drade van 'n doringdraadheining is moeilik sigbaar. Uile en ander voëls vlieg dikwels in die boonste drade van hierdie heinings vas en word in die hakies vasgevang en vrek stadig as gevolg van honger, dors en skok.



Wees bewus van uile

Jy kan 'n verskil maak op 'n paar maklike maniere:

- Bly binne die spoedbeperking en ry stadiger as dit donker of mistig is sodat jy betyds kan reageer;
- Indien jy 'n uil in die pad kry, sal dit dalk nie padgee nie, omdat die skerp hoofligte van die motor dit tydelik verblind. In so 'n geval, ry stadiger, verdof die hoofligte en druk op die toeter indien die voël nog nie gevlieg het nie.
- Moenie mors nie, want ekstra kos lok knaagdiere na die pad en hulle lok weer uile.

Roofvoëlwerkgroep se Uilprojekte

Die Roofvoëlwerkgroep het 'n databasis by www.ewt.org.za/owls, waar jy padsterftes en botsings met heinings kan aanmeld. Ons gebruik hierdie data om gebiede in die land wat aandag kort, te identifiseer sodat ons die beste gebruik van ons hulpbronne kan maak.

Ons het ook twee projekte wat daaraan werk om oplossings te vind vir padsterftes van uile, asook botsings met heinings. Die Nashua Central Uilprojek moniteer 'n deel van die N17 hoofweg aan die Oosrand van Gauteng en die Bakwena Uilprojek moniteer die N1N4 Platinum Tolpad noord en wes van Pretoria.

Die Nashua Central Uilprojek

Hierdie projek was die eerste om belangstelling te wek in padverwante sterftes van uile. Baie uile, veral Vlei- en Grasuile, maar ook Gevlekte ooruide en Nonnetjie-uile word doodgery op die N17 hoofweg in Gauteng. 'n Navorsingsprojek het bevind dat die hooforsaak die stort van graan op die pad was, wat knaagdiere lok wat op hul beurt weer uile na die pad aanlok.

Die korttermyn oplossing vir hierdie probleem was om "uilrestaurante" te begin waar graan 'n ent van die pad af in die veld gegooi word en 'n paal daar naby as sitplek vir die uile opgerig is. Knaagdiere word dus van die pad weggehou en die uile volg hulle. Die langtermyn oplossing is egter om die storting van graan op die pad te stop. Die deelnemers aan die projek werk

saam met vervoermaatskappye wat graan vervoer, asook die boere wat van hierdie maatskappye se dienste gebruik maak.

Die Bakwena Uilprojek

Daar is reeds gedurende 2004 begin met die monitering van uile langs die Platinum Tolpad in die Pretoria-Noord gebied. Die gebied sluit die N1 tussen Pretoria-Noord en Warmbad in, asook die N4 tussen Pretoria-Noord en Brits. Hierdie deel van die pad is gedurende 2003 gebou en vir verkeer oopgestel. Die Roofvoëlwerkgroep koördineer die program, terwyl die maatskappy wat die pad gebou het en dit onderhou, die uilkarkasse en data versamel met die hulp van die beamptes wat die pad patroleer. Die beamptes het opleiding ontvang in die basiese monitering en identifisering van uile en hul bydrae is noodsaaklik vir die sukses van die projek.

Dit is duidelik dat daar goeie habitat vir uile langs die hoofweë is. Dit is ook duidelik dat die struktuur van die pad min invloed het op die aantal uile wat doodgery word, maar dat dit net eenvoudig die teenwoordigheid van uile langs die paaie is wat daartoe lei dat hulle doodgery word. Die einddoel van hierdie projek mag lei tot die beskerming van hierdie habitat, asook om mense meer bewus te maak van uile. Dit sal verkieslik wees bo maniere om padsterftes te verminder waar spesifieke redes soos graanstorting, nie bestaan nie.

Meer inligting

Ons stel belang om van die publiek te hoor uit gebiede waar uile doodgery word. Let asb. op vir pad- en heiningsterftes van uile en laat weet ons daarvan op die databasis www.ewt.org.za/owls.

Om meer oor uile uit te vind, kontak ons gerus vir ons boekie "Owls and humankind living in harmony", of skakel ons op 011-486 1102.



NASHUA
CENTRAL

BAKWENA
N1N4 toll

Teks deur Hayley Komen; vertaling deur Ronelle Visagie; illustrasies deur Maggie Newman; uitleg deur Africa4U.



Vir verdere inligting, kontak die Roofvoëlwerkgroep van die Trust vir Bedreigde

Natuurlewe: Tel. +27-(0)11-4861102; Fax. +27-(0)11-4861506

Webtuiste: www.ewt.org.za

E-pos: andreb@ewt.org.za (André Botha) of bopwg@ewt.org.za (Erika Belz)